

God die Vader regeer ons deur die Gees van sy Seun

Ds. PJ Kriel

19.05.2024

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die Heilige Gees as die Gees van God die almagtige Vader en die heersersgees van hierdie wêreld. Die Heilige Gees sluit ons in Christus in die liefde van God die Vader in. Die gees van die wêreld onderwerp jou aan 'n heersergod. Die Heilige Gees laat jou in vertroue met die Vader wandel, die wet van God as die wil van God die Vader aanvaar en volg die Vader in sy liefde. Die heersersgees van die geestelikes van hierdie wêreld neem die beheer van jou lewe oor, maak dat jy hulle mag verteenwoordig en hulle waardes en beginsels volg, nie God die Vader in sy liefde nie.

Skriflesing Galasiërs 2: 15, 16, 19, 20; 3: 1- 5; 4: 3 – 7; 5: 16. 18. 22 – 25.

Teks Gal. 4: 6: “en omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader.”

Tema God die Vader regeer ons deur die Gees van sy Seun

1. Pinkster gaan oor Jesus Christus wat aan die regterhand gaan sit het – van God die Vader. So bely die kerk die evangelie al sedert die jaar 100 n.C. in die apostoliese geloofsbelydenis. Die belangrike aksent van die belydenis is – aan de regterhand van die Vader.”

Só regeer Jesus Christus as God! In die eerste Pinksterpreek van die kerk deur Petrus op Pinksterdag kondig hy volgens Lukas aan: “dat God Hom Here en Christus gemaak het.” (Luk. 2: 36)

Hierdie aankondiging oor God se regering deur die Heilige Gees beteken dat God het self die Christus geword en nou regeer God deur self die Christus te wees. God se regering deur die Heilige Gees staan daarom direk teenoor die afgodsdienste van die Jode wat al in 1 Samuel 8 so uitgewys word: “Stel dan nou vir ons 'n koning aan om ons te rig, soos dit by al die nasies is. ... Die Here het vir Samuel gesê: “luister na die volk vir alles wat hulle vir jou sê, want dit is jou wat hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om koning oor hulle te wees.” (verse 4 en 7)

In Jesus is God is self die Christus. Mense maak die Christus nie koning nie. Hoe regeer God wat self die Christus, die Messias is? Ons kan dit deur die preek met 'n voorbeeld toelig. Hoekom wil 'n man 'n pa wees? Om kinders in sy liefde as pa te laat leef of om iemand te kry waaroor hy 'n heerser, 'n baas kan wees? Hy wil kinders hê om saam met hulle in liefde te leef en deur sy liefde te lei. Hy is in elk geval heerser oor sy werkers, sy arbeiders. Hy wil nie kinders hê om hulle heerser, hulle baas te wees nie. (Gal. 4: 7)

Dit is hoe God ons nou regeer – Jesus Christus God die Seun van God die Vader maak sy Vader ons Vader. Dit is wat Jesus Christus deur die Heilige Gees doen wat Hy van die Vader ontvang het en tot in ons harte gestuur het: Hy laat ons sy Vader as ons Vader aanroep. So maak die Vader ons sy kinders in sy huis, sy kerk, en regeer ons in sy huis in en deur sy liefde.

2. Jesus Christus het deur sy lyding, kruisiging, sterwe, hel en opstanding ons reg gemaak vir God se liefde. Reg om regtig God die Vader se kinders te wees. So reg

God die Vader regeer ons deur die Gees van sy Seun

deur Christus dat God die Vader ons aanneem en lief het met die liefde wat Hy vir die Seun het. Deur die Heilige Gees verenig Christus ons met Hom in wie Hy as mens is en sluit die Vader ons in sy liefde in.

Jesus Christus gee ons nie die gees van God as heerser nie. Jesus Christus het nie aan die regterhand van die Almagtige God gaan sit nie, maar aan die regterhand van God die almagtige Vader.

Dit is die Christus wie die Jode wou gehad het! Hulle wou nie God wie self die Christus is, as Here gehad het nie. Hulle wou 'n Christus gehad het wat hulle self sou heerser en koning maak, en deur wie god hulle dan moes regeer het. Hulle wil 'n mens as die goddelike heerser salf. Hulle wil nie God wat self die Gesalfde is aanvaar nie. Dit is die verwerping van die Messias-Koning wat al sedert die aanstelling van Saul as koning afgespeel het in God se volk. (1 Sam. 8.)

Dit is die verskil tussen God wat self die Gesalfde is en mense wat 'n goddelike mens as hul heerser salf! Jesus is die Gesalfde aan die regterhand van die Vader en Hy gee vir ons die Gees deur wie ons as kinders van God die Vader aanneem om in sy liefde te leef en deur sy liefde regeer te word. Die God wat deur mense koning en heerser gemaak word is 'n kragdadige God wat mense reg kry om kragdadig te leef. Jesus Christus maak ons reg vir God se liefde. Hy kry ons nie reg om kragdadig te leef nie.

3. Dit is wat in die eerste gemeentes wat ontstaan het tydens Paulus se eerste sendingreis, in die gebied van Turkye vandag, gebeur het. Hulle wou nie die Gees aanvaar wie God die Vader hulle Vader laat wees nie, maar wou met die gees van God as heerser vervul geword het.

Daarom spreek Paulus hulle aan as dwase Galasiërs wat getoor is. (Gal. 3:1) Dit is waar predikers toordokters word en van God 'n afgod in hul prediking maak. Hulle wil met die gekruisigde Christus begin en met 'n goddelike kragdadige gees van 'n god wat heerser is eindig.

Paulus stel dat die verskil tussen die Heilige Gees van Christus en die goddelike gees wat die Galasiërs soek is dat deur die geloof in Christus se kruisiging ontvang ons die Gees wat ons kragtig in die Vader se liefde insluit en dat die goddelike gees ontvang jy deur wette te onderhou.

Die gees van God as almagtige heerser is 'n ander gees as die Gees van God die Vader en die Seun. Hierdie heersersgees werk soos in die weermag. Jy begin met die wet van basiese opleiding waarin jy en alles wat jy as mens is afgebreek word tot jy geen eie persoon, wil denke of gevoel meer oor het nie. Dit noem hulle verkeerdelik "bekering". Daarna word jy vervul met die kragdadigheid van die mag van die weermag. Dit is met 'n gees wat jou kragdadig maak met God se mag, krag, wil en outoriteit wat hulle die vervulling met God noem.

Die Gees wat die Vader ons deur sy Seun gee is nie 'n gees van goddelike kragte en magte wat ons vervul nie. Dit is die Gees wie ons verenig met alles wat die Seun as mens in die hemel is in sy lyding, sterwe en opstanding in ons plek as sondaars vir

God die Vader regeer ons deur die Gees van sy Seun

ons en die is die Gees wie ons insluit in die Vader se liefde vir sy Seun as sy liefde vir ons.

Dit is hoe Jesus Christus ons deur sy Gees regeer: 1. Hy laat ons die Vader vir sy liefde vertrou en Hom aanroep as “abba, Vader.” 2. Hy laat ons in die Vader se liefde leef en 3. Hy laat ons die Vader in sy liefde volg.

Dit is die drie woorde waarmee Paulus gelowiges oproep om die liefde van die Vader deur die Gees van sy Seun te aanvaar 1. Wandel deur vertroue, (5:16) 2. Laat lei in die liefde van die Vader (5: 18) en 3. Om die Vader in sy liefde te volg. Die Gees wat die Vader ons deur sy Seun gee, laat ons in sy liefde wandel, lei ons in sy liefde en laat ons sy liefde volg. (5:25) So is ons die aangenome kinders van die Vader in sy huis, sy kerk. Kinders saam met sy Seun.

4. Ons is God se kinders in sy huis, nie sy Kinderhuiskinders onder die toesig en beheer van voogde en bestuurders nie. (Gal. 4: 6, 4:2) Hierdie verwarring oor God se Gees as die Gees van die Vader teenoor God se gees as die gees van ‘n heerser met mag, lê tot binne in die Bybelvertalings van Gal. 5. Daarom vertaal hulle verkeerdelik “wandel deur die Gees” in vers 16 of as beheers (1983) of as leef (2020) en “volg” in vers 25 of as “gedrag bepaal” (1983) of met die militêre uitdrukking as “in pas kom” (2020)

Kom ons kyk na die oproepe in Gal. 5 om die verskil te sien tussen hoe die Gees ons reg laat wees vir die Vader se liefde teenoor die gees van goddelike mag waardeur ons onder geestelikes se toesig en beheer geplaas word.

Die Grieks van Gal. 5: 16 beteken “wandel deur die Gees.” Hierdie wandel is om soos as kind saam met jou pa op die strand tel oop terwyl hy sy arm om jou hou. “Wandel” beteken om in vertroue in sy liefde saam met God te wees. dit is soos Pauls dit in Gal. 2: 20 verwoord: “Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” Dit is hoe die Gees ons met god die Vader in sy liefde laat wandel - als is reg, daar is geen fout nie.

Wanneer die Gees van god die gees van die krag en mag van die almagtige god word, dan verander “wandel” na “beheers word” soos dit in die 1983 vertaling vertaal is. Nou is god se gees die gees wat jou beheer, nie meer die Gees wat jou in die Vader se liefde laat wandel nie. Hierdie gees breek jou – jy moet gebreek word om die beheer van jou lewe op en weg te gee en nie meer self in beheer van jou lewe te wil wees nie. Hierdie gees is die gees waar God toesig en beheer van jou lewe vat soos met Kinderhuiskinders.

Dit is twee verskillende geeste. Die Heilige Gees laat jou wandel in die Vader se liefde - waarin jy met volle vertroue in sy liefde saam met die Vader gaan. Die gees van krag en mag is ‘n gees wat jou onderwerp aan geestelike toesig en beheer waarin jy nie meer jou eie lewe mag beheer nie. Daar is geen so openbaring van God in die Skrif as ‘n god wat jou beheer oor jou lewe wag vat en jou onder sy toesig en beheer plaas nie.

God die Vader regeer ons deur die Gees van sy Seun

5. Die Heilige Gees wat ons lei in die wil van ons Vader is 'n ander gees as die gees van God wat mense sou bemagtig om God te verteenwoordig in die wêreld. Die Vader vat ons deur die Heilige Gees met Hom saam in sy liefde en laat so die Tien Gebooe die wil van ons Vader in ons lewe wees.

Paulus stel die verskil in rom. 8: 2 só: Die Tien Gebooe as die wil van ons Vader in wie se liefde ons altyd reg is en daar nooit fout is in sy liefde vir ons nie, is die wet van die Gees, maar die wet van God as heerser oor die wêreld is die wet van sonde en dood. Dit is die wet waardeur God die sondes van hulle wie nie sy kinders i sy liefde is nie wie Hy aanspreek en veroordeel.

Gelowiges hoor God se wet altyd as die wil van 'n liefdevolle almagtige Vader en nooit as die wet van 'n almagtige heerser nie.

Die gees van 'n almagtige god is soos troepe wat uitgestuur word om die mag van 'n heerser te gaan verteenwoordig en af te dwing. Hulle wys in hul teenwoordigheid die mag van die heerser wat uit hulle uit straal en onderwerp mense om die beheer van hul lewe aan hierdie mag oor te gee.

Daarom moet ons onself vandag toets of ons deur die Gees van die liefdevolle almagtige Vader van die Seun gelei word wat sy wil hoor in die wet of deur 'n gees wat ons bemagtig om sy mag oor die wêreld te laat geld.

In Gal. 5: 25 gebruik Paulus 'n besondere woord om die werking van die Heilige Gees te beskryf – om agterna aan te gaan. Hier beteken dit om God die Vader in sy liefde deur Jesus Christus sy Seun te volg. In Titus 2: 11 word dit beskryf as die opvoeding om goddeloosheid te verwerp en verstandig, regverdig en godvresend te leef. Die Heilige Gees van die Vader is altyd die Gees wat ons inoefen en opvoed in en deur die Vader se liefde deur Christus. Navolg is altyd om agter Christus aan te gaan wat jou deur die Gees insluit en oefen in die Vader se liefde. (Mat. 16: 24)

Die gees van 'n heerser god is 'n god wat jou gedrag reg kry (1983 vertaling) en jou in pas met sy mag laat kom. (2020 vertaling) Dit is die gode wat jou waardes en beginsels laat navolg. God die Vader gee nie vir ons waardes en beginsels om te volg nie maar vat ons saam met Hom om Hom in sy liefde te volg.

6. Die Gees van die Nagmaalstafel is die Heilige Gees wat God die Vader ons deur sy Seun gee. Dit is die Gees wat ons in die Vader se liefde laat wandel (Gal.5:16) , ons lei in die wil van ons Vader (Gal.5:18) en ons die Vader in sy liefde laat volg. (Gal. 5:25)

Die Nagmaalstafel is die tafel van die Gees van sy Seun. (Gal. 4:6) Dit is die Gees wat ons deur die brood en wyn verseker Hy as Gees verenig ons met alles wat Jesus Christus as mens in ons plek as sondaars is en dit is die Gees wat ons so insluit in die liefde van God die Vader.

Daarom is die teken waardeur die Heilige Gees werk, 'n liefdesmaaltyd – die samesyn van die Vader met sy aangenome kinders deur sy eniggebore Seun. Deur die Nagmaal sluit die Heilige Gees ons in, in die liefde van die Vader vir sy Seun.

God die Vader regeer ons deur die Gees van sy Seun

Die geestelikes van hierdie wêreld maak van die Nagmaal die feesviering van God se geesgenote. Dit is nie meer die liefdesmaal van die Vader met sy kinders deur Christus nie, maar die demonstrasie van wie die heersergod se geesgenote is en vervul is met sy goddelike lewe, kragte, magte en outoriteit. So word die Nagmaal die godemaaltyd van hulle wie een met God se krag en mag is soos Paulus dit uitwys in 1 Kor, 10:21 as die tafel van demone. Ons kan nie gelyktydig deel hê aan die liefdesmaaltyd van die Vader deur die heilige Gees en aan die militêre dinee waar mense as God se geesgenote in pas kom met sy mag en krag nie. (Gal. 5:25 2020 vertaling)

Kom ons neem die tekens van die Nagmaal op en gebruik dit as die tekens van die Gees van die Seun wat die Vader aan ons gee. Die tekens waardeur die Gees ons verseker hy sluit ons in wie Jesus Christus as mens in die hemel vir ons in ons plek is. Hy is die gebreekte mens onder God se toorn, vloek, veroordeling, straf en verwerping gewees sodat ons vir die Vader se liefde geheilig en geregverdig is.

Kom ons neem die tekens op as God se aangenome kinders wat in die liefde van die Vader ingesluit is deur ons vereniging met sy geliefde Seun. Laat die Gees ons deur hierdie tekens versterk om ons in die Vader se liefde te laat wandel, ons in die Vader se wil te lei en in die liefde saam met ons Vader te gaan.

Kom ons verwerp die gees van geestelikes se heersergod wat die beheer van ons lewe wil oorneem, ons met god se mag wil bemagtig en ons in pas wil laat kom met geestelikes se waardes en beginsels. Ons volg ons Vader. Nie hulle waardes en beginsels nie.

.